

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 20 Februarie 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 2:1-13

Tema: Die landmeter met sy maatlyn: Jerusalem!

Artasasta:

Na die Babiloniese ballingskap keer 'n klein groepie Jode terug om die tempel en Jerusalem te gaan herbou. Die projek het goed afgeskop maar weerstand het vinnig ingetree. Ondanks die weerstand het hulle aangehou met bou totdat hulle deur 'n brief van Artasasta verbied is om voort (16 jaar) te gaan.

Darius:

In die tydperk het Haggai en Sagaria die bouers aangemoedig om die projek te hervat. Weerstand het weer ingetree en in die tweede regeringsjaar van koning Darius word 'n brief aan hom gestuur met die versoek om die projek te staak. Hulle moes ongeveer vyf maande wag vir 'n antwoord. (Esra 1-6:15)



24 Februarie 519 vC

In dié tydperk stap Sagaria een aand, op 24 Februarie 519 vC, deur die ruïnes en wonder wat die antwoord van Darius gaan wees en wat hulle toekoms alles inhou. Hier verskyn die Here aan hom en gee vir hom agt nag visioene waarin die padkaart van die toekoms uiteengesit word:

- In die **eerste visioen** sê die Here dat Hy hartogtelik begaan is oor Jerusalem en Sion en dat Hy die tempel en Jerusalem weer gaan opbou en dat Hy weer onder hulle gaan woon.
- In die **tweede visioen** verduidelik die Here dat Hy koninkryke en individue beheer en dat groot koninkryke deur Sy “ambagsmanne” vernietig gaan word. (1:12-20)
- In die **derde visioen** word die fynere besonderhede vir die opbou van Jerusalem uit die ruïnes beskryf. (2:1-13)

DERDE VISIOEN: DIE LANDMETER MET SY MAATLYN!

1. Die landmeter met sy maatlyn. (2:1,2)

- **Visioen 1. Sagaria 1:16.** Ek gaan My weer oor Jerusalem ontferm: Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word.
- “Waar gaan u heen?” Ek gaan Jerusalem uitmeet om te sien hoe breed en hoe lank hy moet wees.

2. Stop, hier is die nuwe planne: vier profetiese woorde. (2:3-5)

STOP! STOP! OU PLANNE - NUWE PLANNE: JERUSALEM GAAN OPNUUT UITGELÊ WORD!

Hardloop en sê vir daardie jongman (Sagaria):

2.1 ‘n Stad sonder mure.

Jerusalem gaan ‘n stad sonder mure word,

2.2 Massas.

Daar gaan baie mense en diere in hom wees.

2.3 ‘n Stad beskerm deur ‘n muur van vuur.

Ek sal ‘n muur van vuur rondom die stad wees.

2.4 Die shekinah van die Here.

My magtige teenwoordigheid sal binne-in hom wees.”



3. Die inwoners van hierdie reuse stad sonder grense. (2:6)

3.1 Die Jode. (2:6-10)

- **Kom.**

Kom, kom, vlug uit die noordland! sê die Here. Ek het julle na die vier windstreke toe verstrooi, sê die Here. Kom, Sion, jy wat in Babel woon, kom weg daar!

- **Oogappel.**

Wie aan julle vat, vat aan my oogappel.

- **Woonplek.**

Juig, Sion, wees bly! Ek kom, Ek gaan binne-in jou woon,

3.2 Heidennasies. (2:11,12)

Daardie dag sal baie nasies hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees, en Ek sal in jou woon, Sion.

DIE GESKIEDENIS VAN ISRAEL:

- **Genesis 14:** Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring en hom geseën: “Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.
- **1000 vC:** Hoofstad van die Jebusiete wat deur Dawid oorgeneem is (2 Sam 5:6-8).
- **586 vC:** Jode in ballingskap.
- **520 vC:** Terugkeer onder leiding van Serubbabel en Nehemia: herbou.
- **33nC:** Saad van nuwe kryk: kruisiging en pinkster.
- **70 nC:** Jode in verstrooiing.
- **1948:** Staat Israel herstel; Jode keer terug uit verstrooiing terug na Jerusalem.
- **Nuwe Jerusalem:** Ons leef in afwagting vir die **finale** vervulling van die profesie van Sagaria.



4. Die prototipe word die finale realiteit. (Open 21)

4.1 Skadubeeld: prototype

- Die **aardse afbeeldings van die hemelse dinge** moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. (Hebr. 9:23)
- Die wet van Moses is slegs 'n **skadubeeld** van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. (Hebr 10:1)

4.2 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. ²En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom: **Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.**

4.3 Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die **woonplek van God** is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

4.4 Hy sal al die **trane** van hulle oë afdroog. Die **dood** sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan: “Kyk, Ek maak alles nuut.” **AMEN!**

Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen? Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal? Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees. (Jesaja 41:4)

SEËNBEDE:

⁶Bid dat Jerusalem vrede mag hê,
dat hulle wat hom liefhet,
rustig mag woon.

⁷Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings.

⁸Ter wille van my broers en my vriende
wens ek jou vrede toe.

⁹Ter wille van die huis van die Here ons God
bid ek dat dit met jou goed sal gaan. **AMEN!**



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Ondersteun asseblief ons borge! Vandag se erediens is geborg deur:

HAVE A PEACE OF MIND WITH A WATER-SAFE CHILD!

ROMERO

Swimming School



Swimming Lessons safe & fun at an established swimming school that has been operating in CHANTELE situated in AKASIA for 25 years

We offer lessons to nursery schools in the area from 3 years with FREE transfers to and from the swimming school. Lessons are done all year round in an indoor HEATED pool with fully qualified swimming instructors in the water with the students.

Training 1x per week during school hours
(specific schedule for each school).
We do NOT force, We ENCOURAGE all the students through fun and innovative methods.

Registration forms with more information available at your school

For more information contact:
Romero Admin office @ 064-897 1321

Romeroswim@gmail.com

